Waterkruik

JAARGANG 65 **NO 46** **15 November 2026**

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
Video YouTube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
Oudio Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-WaterkloofranPretoriaGereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=1

EREDIENSTE VANDAG

Vanoggend vier ons die Heilige Nagmaal.

Ds. Lourens du Plessis sal die nabetragtingsdiens om 17:30 lei.



KOLLEKTES

Tydens die erediens: Diakonie
By die deure: Kerkkas

TEESKINKBEURT

Die susters van wyke 15 & 17 o.l.v. *Yolande Bartlett en Sophia Theunissen* nooi julle hartlik uit om te kom skink, drink en kuier oor 'n koppie koffie.

DIENSBEURTE

Sondag 15 November
Oggend: Wyke 15 & 16
Edward Swanepoel
Max Lange
Diakens Francois de Kock
Riaan Reinecke
Herman van Heerden
Christiaan Ooshuizen

Aand: Wyke 13 & 14
Oudle. Gerhard Vermaak
Gert Wibbelink
Diakens: Herman Bonnet
Hanno Steenkamp

KATKISASIE

Die katkisasie sluit volgende Sondag tot 17 Januarie 2027.

PROGRAM VIR DIE WEEK

Donderdag:
09:30 Bybelstudie in Konsistorie
18:00 IKK afsluting

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

" *Here, Almagtige, dit gaan goed met die mens wat op U vertrou!* "
Psalm 84:13

Woensdag 18 November

Annalette du Plessis	079 900 9396
Rhoda Erasmus	082 976 6247

Donderdag 19 November

Catharine Kumm (12)	083 492 8227
Nita Labuschagne	082 490 4111

Vrydag 20 November

Elzaan Hermann	082 807 3391

Saterdag 21 November

Gerhard Vermaak	082 552 7602
Marie Vos	082 901 5166

Hartlik geluk aan *srs. Nita Labuschagne* wat Donderdag haar 89ste verjaarsdag en *sr. Marie Vos* wat Saterdag haar 93ste verjaarsdag vier.
Mag die Here julle elke naby wees en julle krag en genade gee vir elke dag.

MEELEWING

Ons is saam met *Rinus van Heerden* en sy familie dankbaar dat hy Maandag 'n geslaagde ablasie prosedure ondergaan het om die druk op sy bloeddruk te verlaag. Ons bid steeds dat die Here 'n geskikte nier sal voorsien sodat hy gesond kan word. 079 504 8319

Jannie Erasmus is in Unitas hospitaal en is baie swak. Ons bid dat die Here hom sal vashou in die holte van sy Vaderhand en hom naby sal wees.
082 437 7188

Santa Josling het Vrydag 'n onverwagte galblaasoperasie ondergaan. Ons bid jou spoedige en volkome beterskap toe.
083 253 8736

Ons vra u voorbidding vir *Giel se Lange* en sy gesin. *Elsie*, sy vrou, het gevorderde kanker wat in September gediagnoseer is en wat deur haar hele liggaam versprei is, en word versorg in Vergelegen versorgensoord waar haar toestand steed agteruit gaan. Mag die Here se genade en ondeurgrondelike liefde julle elke dag dra en versterk. 082 558 8979



"... 31maar dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie. " Jesaja 40:31

ATTESTATE

Hartlik welkom aan *Jolandi de Jager* 066 447 3406 wat van die Vrye Gereformeerde Kerk by ons opgeneem word en *Henro Jansen van Vuuren*

061 686 3263 wat van die NG Kerk Krokodilrivier by ons aansluit. Ons vertrou dat julle sommer gou deel sal voel van Waterkloofrandgemeente.

Roelof Coetzee vertrek met attes na Randburggemeente.

Ons wens jou alles van die beste toe.

JEUG VAN GISTER



Ai, kuier is darem maar lekker. So was dit ook toe die Jeug van gister afgelope Dinsdag saamgekuier het by Alice in Waterkloof. Heerlik om 'n tafel buite gesit en almal kon met almal gesels soos 'n gesin om etenstafel. So 'n voorreg om as God se kinders so gesellig te kon verkeer. Ons prys Hom vir Sy goedheid. Diegene wat nog nie by ons aangesluit het nie, kom gerus in 2027. Byeenkomste is op die kerkkalender aangedui. Gewoonlik op 'n Dinsdag om 9:30. Sien julle almal weer daar volgende jaar!

BEROEPENUUS

Beroepe ontvang

Ds. CB (Brahm) Robinson van GK Bellville-Oos na GK Centurion as medeleraar

Ds. EA (Erasmus) Venter van GK Buffeldoorns na GK Benoni as medeleraar

Beroep aanvaar

Dr. HM (Heinrich) Zwemstra van GK Walvisbaai na GK Potchefstroom-Oos

Beroep bedank

Ds. KP (Karel) Steyn van GK Port Elizabeth na GK Benoni as medeleraar

ROLBAL-DAG

Verlede Saterdagoggend het die kerkraad op 'n baie positiewe noot hulle afsluiting vir die jaar gehad met 'n rolbalwedstryd, die ouer groep teen die jongergroep. En raai wie het gewen? Die ouergroep natuurlik. En daar is beslis 'n paar sterre onder hulle vir die toekoms!! Baie dankie aan almal wat die wondelrike geleentheid bygewoon het. Almal het na die tyd gesmul aan die skaap wat Andries op die spit gebraai het.



Sien meer fotos op die kennisgewingsbord.

DIE Jong Lote

JONG LOTE
SKATTEJAG & BRAAI

Pak jou speurneus in en trek jou tekkies aan,
want Jong Lote se skattejag kom nou-nou aan!
Volg elke leidraad, soek hier en daar,
dalk kry jy die skat as jy mooi gewaar!

Ná al die gesoek, gehardloop en lag,
is daar by die pastorie 'n lekker braai wat wag!

Ons vier ons jaar met vreugde en dankbaarheid,
vir God se liefde en Sy trou deurentyd.

DATUM: 21 November | TYD: 10uur

PLEK: Pastorie, 52 Duikerstraat, Monumentpark
Bring eie vleis, drinkgoed en swemklere!









PROGRAM VIR DIE RES VAN DIE JAAR

19 November: IKK Afsluiting

21 November: Jong Lote Afsluiting

29 November: Kersprogram

ONS KINDERS TYDENS DIE EREDIENS

Geliefde gemeente,

Ons is as gemeente besonder bevoorreg om die afgelope tyd die Here se seën in die geboorte van talle babas en die verwagting van nuwe lewe te kon beleef. Dit is 'n groot vreugde om te sien hoe gesinne groei en hoe daar ook jong kinders deel van ons gemeente is. Ons wil graag hê dat hierdie kinders van kleins af sal leer om saam met ons die Here in die erediens te aanbid.

Terselfdertyd besef ons dat die teenwoordigheid van klein kinders en babas soms uitdagings meebring. Wanneer 'n kind huil of begin raas, kan dit die konsentrasie van ander lidmate versteur. Ons is veral bewus daarvan dat dit vir sommige van ons ouer lidmate, asook persone wat besonder sensitief vir geraas is, 'n groter steurnis kan wees. Die kerkraad het hierdie saak ernstig oorweeg en wil graag hê dat ons mekaar hierin met liefde, begrip en wedersydse agting sal dien.

DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN OUERS

Ons wil ouers aanmoedig om hulle kinders van kleins af aan die erediens gewoond te maak. Dit is immers belangrik dat kinders moet leer dat die erediens deel van

hulle lewe as verbondskinders is. Ons waardeer opreg die moeite wat ouers hiermee doen.

Ons versoek ouers egter ook om bedagsaam teenoor die res van die gemeente te wees. Wanneer 'n kind begin huil of aanhoudend raas, vra ons dat ouers die kind so gou moontlik uit die kerkgebou sal neem. Die bedoeling is nie om ouers of kinders uit die erediens te weer nie, maar juis om die nodige ruimte te skep sodat die erediens vir almal 'n geleentheid tot ongestoorde aanbidding kan bly. Die hoofdoel behoort telkens te wees om so gou moontlik weer saam met die kind na die kerkgebou terug te keer.

Die moederskamer is beskikbaar om ouers hierin by te staan. Dit moet egter as 'n hulpmiddel en 'n tydelike brug beskou word om kinders gereed te maak om weer volledig aan die erediens in die kerkgebou deel te neem – nie as 'n permanente alternatief of 'n speelruimte buite die erediens nie.

DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE GEMEENTE

Hierdie versoek aan ouers gaan egter hand aan hand met 'n beroep op die res van die gemeente. Ons moet onthou dat kinders nie van die een dag op die ander leer om stil te sit en aan die erediens deel te neem nie. Dit is 'n proses van opvoeding, gewoontemaking en geduld. Ons moet daarom ook bereid wees om die onvermydelike geluide en onderbrekings wat soms met klein kinders gepaardgaan, met liefde te verdra.

Ons mag nie verwag dat ouers en kinders sonder enige uitdagings deel van die erediens sal wees nie. Net so mag ouers nie vergeet dat hulle nie alleen in die kerkgebou is nie. Ons is saam daar om die Here te aanbid, en daarom moet ons mekaar se omstandighede en behoeftes in ag neem.



ONS DRA MEKAAR


Die kerkraad wil graag hê dat ons hierdie saak nie as 'n stryd tussen ouers met kinders en ander lidmate sal beskou nie. Ons is een gemeente en behoort mekaar in liefde te dien. Ouers moet bedagsaam wees teenoor ander lidmate, en ander lidmate moet geduldig en begripvol wees teenoor ouers wat besig is om hulle kinders in die erediens groot te maak.

Laat ons mekaar dus nie met ongeduld of veroordeling benader nie, maar met die gesindheid waarvan Paulus in Filippense 2:4 skryf: "Julle moet nie elkeen aan sy eie belange dink nie, maar elkeen ook aan dié van ander."

Die kerkraad versoek ook dat die belangrikheid van huisgodsdiens en die geloofsopvoeding van ons kinders besondere aandag sal geniet. Die vorming van kinders se liefde vir die Here en sy Woord begin immers nie eers wanneer die kerkklok lui nie, maar reeds in die huisgesin.

Ons is dankbaar vir elke gesin, elke ouer en elke kind in ons gemeente.
Mag ons as gemeente 'n plek wees waar kinders welkom is, ouers ondersteun word en alle lidmate met liefde en begrip teenoor mekaar optree. Só dra ons mekaar se laste en bou ons saam aan die gemeente van Christus.

GODGEGEWE OOP DEURE



Memoirs uit die Bediening van dr. Flip Buys
"Sorg met Eer-projek"

Die 15 hoofstukke van die boek gee 'n oorsig van die paaie wat Flip Buys met mense saam met die Here gestap het met die leser gedeel word:
• 'n Roeping ontwikkel; Preekmaak; Die uitverkiesing; Die pad saam met alkoholiste; Lewendige kuikens onder 'n dooie hen se vlerke? (Evangelisasieervaringe); Die "hoereerders" word aktiewe lidmate; Huweliks- en gesinsberading wat ook die pastoriemheilsaam was; Die donker wêreld van okkultisme en satanisme; Sendingervaringe in Sharpeville en omgewing;
My skuif na KwaNdebele; Met hart en mond en hande; Vergifnis na geweld; Vergifnis en versoening van verskillende kultuurgroepe; Soedan en die Sudanese Reformed Churches; 'n Groeiende visie op sending en evangelieverkondiging

Prof. Henk Stoker, emeritusprofessor en -rektor van die Teologiese Skool Potchefstroom, skryf oor sy belewing van hierdie boek:
Hierdie boek vertel van 'n lewe kosbaar geleef in God se diens. Nie net is dit geweldig bemoedigend nie! Dit gee ook baie pitkos – preekstof, pastorale insette van wêreldbekende Bybelse beraders en baie goeie begronding van ons werk met okkultiese belastes, om in die geloof te leef en werk – oor kultuurgrense, oor landsgrense en wêreldwyd. Dit moet asseblief en so gou moontlik wyd versprei word!

Die boek is teen R100 per eksemplaar. Dit kan 'n kosbare kersgeskenk wees en daar is genoeg tyd om een te bestel. Plaas jou bestelling hierdie week by Nienke van der Walt om teleurstelling te voorkom. Jy kan op so 'n manier die Sorg met Eer program help.

Die projekleier van Sorg met Eer is ds. Cassie Aucamp

KERKKANTOOR NUUS

Nienke van der Walt vertrek einde November met verlof tot 1 Januarie 2027. Daar sal dan van 29 November af geen gedrukte Waterkruik of preeksketse wees nie. Die Waterkruik en preeksketse sal wel elke elektronies gestuur word. Kontak Nienke 083 398 9080 indien u die Waterkruik en preeksketse gedurende dié tyd per WhatsApp wil ontvang.

SNIPPERS



PAPIER VIR CROSSROADS GEVANGENIS BEDIENING

Die Crossroads Gevangenis bediening druk elke Desember 1500 boekies wat aan die gevangenis uitgedeel word om die tyd ook aan hulle die boodskap en wonder van Jesus se geboorte oor te dra. Hulle benodig egter A4 papier daarvoor. Help asb deur afdrukpapier te skenk of selfs blou penne om mee te skryf. Die skenkings kan voor 22 November in die konsistorie op die tafel gelaat word.

DIE HERE SEËN JOU IN DIE EREDIENS

Met "amen" maak ons die inhoud van die seën ons eie.



Hoekom is "amen" so belangrik? Met "amen" word die seën wat God aan die gemeente skenk openlik toegeëien. Die gemeente moet die wegstuur beaam en die seen aktief aanneem en toe-eien deur die "amen" uit te spreek. Dit is die "amen" van die gemeente nie die liturg nie.

Hierdie handeling moet verkiesbaar 'n hoorbare aksie van die gemeente as eenheid wees deur "amen" uit te spreek of dit kan ook gebeur deur die "amen" te sing. Wanneer die liturg by uitsondering namens die gemeente "amen" uitspreek, behoort die gemeente te weet dit is hulle "amen". "Amen" beteken tog die gemeente se sekerheid dat dit waar en vas is dat God sy seën in hulle uitgestort het. "Amen" het die regsgeldigheid dat die gebruiker daarvan verklaar "ek maak dit my eie". Dit geld ook die "amen" na die gebede en prediking, waarmee die gemeente die gebede en die preek as hulle eie aanneem.

Uittreksel deur Prof Ben de Klerk: Die Vroueblad

FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

PREDIKANT
Ds. Jan-Louis Lee
071 640 6013

SKRIBA
Henning Noëth
078 770 7519

PASTORALE HULPWERKER SENIORS
Ds. Lourens du Plessis 083 259 9551

VOORS DIAK
Phillip Fourie
072 295 5606

OUDL. SKRIBA
Péter Wassenaar
082 920 4474

ORRELIS
Hanlie Bekker
066 235 1202

SONDAGKOSTER
Riaan Reinecke
079 903 3930

WEEKKOSTER
Nienke van der Walt 083 398 9080

KANTOOR
Nienke van der Walt 083 398 9080

KANTOORURE by die kantoor
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

EREDIENSTYE
Oggend: 09:00
Aand: 17:30

BANKBESONDERHEDE
Kerk
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
ABSA: Rek no. 000 340 685

Diakens
ABSA: Diakonie Spaar Rek.
No. 9139785681

PARKERING

Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat

e-pos kerk: admin@gkwaterk.co.za
webwerf: www.gkwaterkloofrand.org.za

DIAKENS

Snap here to pay
SnapScan

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

KERKKAS

Snap here to pay
SnapScan